# Cachet-biljet

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

17 September 2023



www.gkcachet.org.za

# Gereformeerde kerk Cachet

## Bankbesonderhede

Takkode: 632005

ABSA – tjekrekening

Rekeningnommer: 06 7034 0023

Verwysing: wyk, voorletters en van

## Afrikaanse Eredienste

Sondae om 09:00 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op

NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

## English Worship Service

Sundays at 11:00

In the Church House on the

NWU Campus, 28 Hoffman Street

## Kerkkantoor

Dinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;

079 4949 7360

## Predikante

Ds. Brahm Robinson – 064 656 1374;

brahmrobinson@gmail.com

Ds. Noah Kim – 082 593 6428;

solaprochristo@hotmail.com

## Kontakpersone & Inligting

**Susters:**
Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com
Kayla Sampson – 071 177 0429
sampsonklennox@gmail.com

**Hulppredikante:**
Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Koster en PowerPoints:**
Schalk Buys – 063 679 7071
schalkbuys7@gmail.com

**Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):**
Schalk Buys – 063 679 7071
cachetdiakonie@gmail.com
ABSA Tjekrekening: 0670280012

**Vervoer na eredienste en kerkaksies:**
Pieter Deysel –
079 695 0027

**Jubila-voorsitter:**
Minette van Vuuren – 084 580 4002
minie.vanvuuren@gmail.com

**Preekopnames:**
http://gkcachet.org.za/preke/

**Stuur enige inligting vir die *Cachetbiljet* na:**
Juandré Coetzee – 079 242 3220
juaniecoetzee@gmail.com

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**
https://npwepener.wixsite.com/website

# Oggenddiens

## Ds. Brahm Robinson

**Skriflesing: Johannes 11: 45-57**

**Tema: Jesus Christus sterwe om die kinders van God wat oor die aarde versprei is tot ʼn eenheid saam te voeg.**

# Aanddiens

## Jaco Roets

**Skriflesing: Galasiërs 5: 13-26; HK Sondag 32**

**Tema: God koop ons vry en vernuwe ons deur die Gees en daarom doen ons goeie werke uit dankbaarheid.**




## ***<u>Lief en Leed:</u>***



† **Elmi en Gerald McCarthy gaan vanoggend tydens die diens hulle geloof voor die gemeente bely. Baie geluk!**

## <u>Liefdegawes:</u>



**Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:**

## Vir die werk van die diakonie:

| Snapscan vir die eerste kollekte: | **Oggend 1ste kollekte:**<br>GKSA Ramings |
| --- | --- |
| https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287 | EFT vir kollektes:<br>GK Cachet diakonie<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• GKSA Ramings<br>(deponeer elke kollekte apart) |

## Vir die werk van die diakonie:

| Snapscan vir tweede kollekte: | **Aand 2de kollekte:**<br>Diens van barmartigheid |
| --- | --- |
| https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324 | EFT vir kollektes:<br>GK Cachet diakonie<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Diens van barmhartigheid<br>(deponeer elke kollekte apart) |

| Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening: | |
|---|---|
| Snapscan vir maandelikse bydraes:<br>SnapScan<br>5kcTaV-I<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I | ABSA Tjekrekening<br>0670340023<br>Takkode: 335138<br>Verwysing: Naam, van en wyk |

# VERJAARSDAE:

**17 September Stefni Landsberg**

**Jean-Pierre Retief**

**18 September Stephan Vorster**

**20 September Louwrens De Beer**

**23 September Aucamp Klopper**



# Administratief

1. Nagmaal

Ons vier vandag tydens die oggenddienste nagmaal. Diegene wat by die kerkraad aansoek gedoen het is welkom om saam met die gemeente nagmaal te gebruik.

2. Hervormingsfees

Op Sondag 29 Oktober (Hervormingssondag) is daar 'n Psalmsing geleentheid met instrumentale begeleiding. Dit is om 15:30 by GK Bult. Kom sing lekker saam!

3. Cachet verblyf

Daar is nog een kamer beskikbaar vir 'n damestudent in ons verblyf vir volgende jaar. Kontak asseblief vir Lulu of ds. Brahm indien jy belangstel.

4. Talenta pro Deo

Op 20 Oktober hou ons 'n talentfees! Kom gebruik jou talente om God te verheerlik! Dit kan visuele kuns of uitvoerende kuns wees – meer besonderhede is op die info groep beskikbaar. Inskrywings sluit 15 Oktober.

## Bybelstudies

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|
| DAMESBYBELSTUDIE<br>18:30 - 19:30<br>@ die GS<br>Oom Henk<br><br>MANNEBYBELSTUDIE<br>18:30 - 19:30<br>@ die GS<br>Brahm<br>Hooglied | KOFFIEKROEG<br><br>1 Aug<br>15 Aug<br>29 Aug<br>12 Sept | BREAKFAST CLUB<br>06:45-08:00<br>@ die Pa-Storie<br>Brahm<br>Romeine &<br>Kategismus<br><br>POLOLOGIA<br>19:00<br>@ die GS<br>Riaan | HAWE BYBELSTUDIE<br>18:00<br>@ die Hawe<br>Pieter & Theuns<br>Klaagliedere<br><br>GESINSBYBELSTUDIE<br>17:30-19:00<br>@ verskeie lidmate se huise<br>Albert<br>Deuteronomium |




[Cachet Merch: Waterbottle]

# Deputate Gereformeerde Publikasies

**Deputate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika**
**Deputies Of the Reformed Churches in South Africa**
**WWW. CJBF.CO.ZA**

Posbus 20004, Noordbrug, 2522
+27(0)18-297-3986
+27(0)18-293-1042

PO Box 20004, Noordbrug, 2522
+27(0)18-297-3986
+27(0)18-293-1042

6 September 2023

**VORDERING OP DIE UITGEE VAN NUWE PSALMBOEKE**

Deputate Gereformeerde Publikasies ontvang gereeld navraag i.v.m. die druk en beskikbaarstelling van die nuwe psalmboek. Ons wil met hierdie skrywe 'n kort oorsig en die huidige stand van sake gee.

1. Op 15 Februarie 2021 het Deputate Gereformeerde Publikasies saam met Deputate Liturgiese Sake die voorwerk en die agterwerk van ons psalmboek afgeteken. Dit het behels dat Bybel Media die psalmboeke kan druk. Deputate Gereformeerde Publikasies en Deputate Liturgiese Sake se verantwoordelikheid was dus afgehandel. Bybel Media moes toe die drukwerk begin.

2. Op 27 Junie 2022 skryf Deputate Liturgiese Sake 'n brief aan die kerkverband om die stand van sake rondom die uitgee van nuwe psalmboeke duidelik te maak (u kan gerus na hierdie brief terugverwys). Navrae oor die vordering het toe ook opgehoop, maar die saak het egter dieselfde gebly: Ons het gewag vir Bybel Media.

3. Op 25 April 2023 het Bybel Media kontak gemaak. Hulle het laat weet dat daar probleme was met die setwerk by hulle drukkers. Die saak oor die setwerk was toe opgelos en Bybel Media het beloof om 'n proefstuk uitgedruk, met die regte setwerk, aan ons te stuur.

4. Op 2 Mei 2023 doen Deputate Gereformeerde Publikasies navraag by Bybel Media oor die vordering van die druk van hierdie proefstuk. Bybelmedia het laat weet hulle sal opvolg.

5. Op 31 Augustus 2023 ontvang Deputate Gereformeerde Publikasies 'n epos van Bybel Media om te laat weet dat hierdie proefstuk met die korrekte setwerk gereed is om na te gaan en afgeteken te word, voordat drukwerk met die nuwe psalmboek begin.

Die Deputate reël tans 'n adres waar die proefstuk afgelewer gaan word om af te teken, sodat drukwerk spoedig begin. 'n Vergadering soos vroeër word vasgemaak (soos by punt 1) sodat die saak spoedig afgehandel kan word.

Deputate Gereformeerde Publikasies kan egter nie 'n datum gee vir wanneer die drukwerk afgehandel sal wees nie, aangesien die drukwerk en die verantwoordelikhede daarby by Bybel Media lê.

Ds. MH le Roux (Voorsitter)

Br. WJ Swanepoel (Skriba)


CACHET
GEREFORMEERDE KERK
REFORMED CHURCH
Namibië-uitreik
25 NOV - 5 DES 2023
KONTAK
ESTMIA VAN DER WALT - 078 625 7400
LUHAN VAN HEERDEN - 079 886 5661




Skryf in deur die skakel in te vul:

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdb_bhKRPeAam4KU7DBLBNFtRgci1qkRBxZ2fFwsXIG4nEvzw/viewform

**Bellville-Oos**
GEREFORMEERDE KERK


IN SAMEWERKING MET

**expando**

BIED AAN:

# HUISGELOOF

- **SESSIE 1: GELOOFSONTWIKKELING**
  **24 AUGUSTUS**
  OUERS VAN KINDERS VAN ALLE OUDERDOMME
- **SESSIE 2: VOLGELINGSKAP**
  **28 SEPTEMBER**
  OUERS VAN 1&2-JARIGES
- **SESSIE 3: RENTMEESTERSKAP**
  **26 OKTOBER**
  OUERS VAN 3&4-JARIGES
- **SESSIE 4: FEESTE**
  **16 NOVEMBER**
  OUERS VAN 5&6-JARIGES



ALLE SESSIES:
19H00-20H30
AANLYN

RSVP OM DIE ZOOM-SKAKEL TE ONTVANG:
GKEXPANDO@GMAIL.COM

**Bellville-Oos**
GEREFORMEERDE KERK

IN SAMEWERKING MET

**expando**


BIED AAN:

# HUISGELOOF

## SESSIE 2: VOLGELINGSKAP


### OUERS VAN 1&2-JARIGES

28 SEPTEMBER
19H00-20H30
AANLYN



ZOOM-SKAKEL NA SESSIES

Skryf in by gkexpando@gmail.com


REFORMASIE KONFERENSIE 2023
DV 21 SEPTEMBER 2023 · 19:00 · GK KANDELAAR
H/V CODONIA & DICKENSON
TEMA: LIG IN DUISTER
1. BYBELSE LYNE
2. HISTORIESE GEVALLE
3. ETIESE ASPEKTE
INLIGTING · REFORMASIE.ORG
GERARDJMEIJER@GMAIL.COM · HHVANALTEN@GMAIL.COM

**PASTORALE BERADINGSKURSUS**

***AANDAGAFLEIBAARHEID EN DIE PASTORAAT***

**Dinsdag 24 Oktober 2023 – Zoom aanbieding**

**Prof Wentzel Coetzer**

Aandagafleibaarheid (waarby soms ingesluit is die element van hiperaktiwiteit, en soms nie) is 'n gesondheidsprobleem wat internasionaal steeds aan die toeneem is, terwyl die koms van die Internet hierdie proses dramaties versnel het. Wat heling en voorkoming betref, blyk 'n holistiese benadering die mees effektiewe te wees, met klem op die fisiese, emosionele, sosiale, en geestelike dimensies – dus nie slegs op medikasie nie. Afgesien van ander bronne, word daar in hierdie kursus in besonder gefokus op die volgende vier bydraes:

- Die medikus, Dr Gabor Maté se boek, *Scattered minds. The origins and healing of attention deficit disorder* (2012). Afgesien van moontlike genetiese faktore, verbind hy die primêre oorsake van hierdie probleem aan trauma en emosionele verwonding gedurende die vroeë lewensfases. Persone se verhale is gevolglik van besondere belang aangesien dit gewoonlik al die stukkies van die legkaart bevat.

- Aansluitend by die benadering van Maté word ook gelet op die bydrae van die Christen psigiater, Dr Daniel Amen, in sy boek, *Healing ADD. The break-through program that allows you to see and heal the 7 types of ADD* (2013). In sy benadering lê hy veral klem op die biologiese, psigologiese, sosiale en geestelike dimensies – die pastoraat vervul dus hier 'n belangrike rol.

- Daar word verder ook gefokus op die boek van Stephen Arterburn en Michael Ross, *Understanding and loving your child with ADHD* (2021). Hulle volg ook 'n multidissiplinêre benadering met besondere verwysing na pastorale pers-pektiewe.

- Die vierde bron is die teologiese proefskrif van J.R. Whitehurst, *Effectively ministering to congregants with attention deficit disorder.* (Lynchburg, Virginia: Liberty Baptist Theological Seminary, 2012). Ook in hierdie bron kom die pastoraat baie pertinent aan die orde.

Opsommenderwys word aan die einde van die kursus 'n aantal toepaslike

2

pastorale perspektiewe geformuleer vanuit die onderskeie bydraes, met die oog

op die begeleiding van persone met aandagafleibaarheid.

**Kursus oop vir almal:** Geen toelatingsvereistes nie.

**Datum:** Dinsdag 24 Oktober 2023 – sluit in sleutelnotas en tersaaklike dokumente.

**Tyd:** 09.00 – 13.00

**Akkreditering:** 5x VBO punte – CPSC punte – ook AFM PCD akkreditasie

**Koste:** R250 pp (egpare: R400)

**Handboek te koop (opsioneel):** R150 (plus R120 koerier koste)

**Navrae:** 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com

**Volg die kursus op 'n latere datum:** Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna 'n skakel ontvang om in enige latere stadium weer die kursus te volg.

**Om te bespreek:** U kan op die volgende skakel klik vir registrasie:

**https://forms.gle/3aWweLBo5wrt72uAA**

GKjeug

Jeugbediening van die Gereformeerde Kerk

## Vanuit die Jeugkantoor

---

KRUISKIND

speel, leer, glo

**Het jy al die nuus gesien? Slingervel, die kindertydskrif van die GKSA, het 'n nuwe naam: Kruiskind. Ons is baie opgewonde om die nuwe plan met julle te deel.**

Kruiskind gaan elke kwartaal een gedrukte tydskrif bekend stel. Dit sal direk by die Admin Buro in Potchefstroom te koop wees. Jy bestel en betaal, en as jy nie in Potchefstroom is nie, stuur ons dit vir jou per koerier, of in die pos. Die tydskrif is R30 een en dan kom daar koerierkoste by. 'n Goeie motivering om sommer 'n klomp vir die kerk te bestel en uit te deel, of vriende bymekaar te maak wat saam jou bestel.

**Wat is Kruiskind?** Dit is 20 bladsye propvol inhoud wat direk vanuit die Bybel saamgestel is. Die inhoud is pret én leersaam – dink aktiwiteite, inkleurprente, raaisels, woordpret en lesse. Kinders kan direk op die tydskrif skryf en teken. Die Kruiskind is nie gebonde aan 'n jaar of maand nie. Ons wil dat jy nog jare later die volumes bymekaar kan maak. Die eerste een sal DV net na die Oktober skoolvakansie beskikbaar wees om te koop.

Die eerste Kruiskind se tema is wapens in die Bybel. Kinders gaan onder andere leer oor Dawid en sy slingervel, die wapenrusting in Efesiërs, en hoe om jou tong in toom te hou!

**Nog goeie nuus** – jy hoef nie net te betaal nie. Ons vul die gedrukte tydskrif aan met gratis aktiwiteitsbladsye op ons webwerf. Ons gaan elke maand 'n nuusbrief uitstuur. Jy sal ook daar die nuutste inligting oor die gedrukte uitgawes kry. Gaan besoek ons webwerf kruiskind.co.za en teken in op die nuusbrief. Jy kan ook hierdie skakel volg om vinnig in te teken:

**Het jy nog vrae?** Ons het hier op ons webwerf al die gereelde vrae beantwoord, maar as jy nog vrae het of betrokke wil raak, kontak ons asseblief. Kruiskind is beskikbaar op WhatsApp (076 575 3255) of per e-pos by hallo@kruiskind.co.za.

---


BAIE DANKIE
Jul ondersteuning is vir ons 'n bron van inspirasie.
Dankie dat julle TOIBO altyd ophef
en ons help om gefokus te bly op ons doelwitte.
Baie dankie vir al die spesiale kollektes en insamelings vir
TOIBO gedurende die jaar, veral in September.
TRANSORANJE INSTITUUT
VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
Navrae: info@toibo.org.za of 074 431 4775
Donasies en skenkings is altyd welkom
Transoranje Instituut, ABSA rek 020 840 145
Dit verseker Ek julle:
Vir sover julle dit aan een van die geringste van
hierdie broers van My gedoen het, het julle dit
aan My gedoen.
(Matteus 25:40, AFR1983)
SEPTEMBER = MAAND VIR FOKUS OP GESTREMDHEID
WWW.TOIBO.ORG.ZA



Gr R -7
Potchefstroom
KINDERFEES
2-6 Oktober 2023
GEREFORMEERDE KERK, POTCH-OOS
ROCHERSTRAAT 75/ PARYSLAAN
OM TE BESPREEK: SKAKEL ADELE BY 0825328658 OF
E-POS NA KERKKANTOOR@OOSDOPPERS.CO.ZA
OF BESOEK ONS WEBBLAD BY WWW.OOSDOPPERS.CO.ZA


DIE GEREFORMEERDE KERK POTCHEFSTROOM
NOOI ALMAL UIT
HERVORMINGSFEES
Psalmsang
MET INSTRUMENTALE BEGELEIDING
SONDAG
29 OKTOBER 2023
15:30
Kom sing saam
ter toewyding en
verootmoediging
IN DIE GEREFORMEERDE KERK BULT
KOLLEKTE TEN BATE VAN SENDING ONDER DUITSERS

# DIE KUIERKOMBUIS

Aardklop

**3-7 OKTOBER 2023**

**Daagliks van 10:00-19:00**

**Barista-kroeg met koue en warm drankies**

**Heerlike koek / quiche**

**Gekookte middagetes 11:30-14:00**

**Aandetes 17:00-19:00**

**Parkering**

**Kunsuitstalling**



**GEREFORMEERDE KERK**

**POTCHEFSTROOM-DIE BULT KERKSAALKOMPLEKS**

**hv Molen-en Borcherdstraat**

**Ten bate van die Potchefstroom Dienssentrum vir bejaardes en die Simon Coetzee Versorgingstrust vir gestremdes**

**Mooirivier Kersmark 23 November-2 Desember 2023**

Mooirivier
Kersmark